Kommunikasiestudies en Taal

Afrikaans Huistaal

Nota: Verwys na Afdeling 4 van die KABV

4.4 Assesseringsprogram

Die assesseringsprogram is ontwikkel om formele assesseringstake in alle vakke in 'n skool oor 'n kwartaal te versprei.

4.4.1 Oorsig van vereistes

Die onderstaande tabelle gee 'n oorsig van die kwartaallikse assesseringsprogram vir Afrikaans Huistaal.

Tabel 1: Oorsig van die vereistes vir die assesseringsprogram Graad 10-11

Assesseringsprogram			
Take per Kwartaal			
Kwartaal 1:	Kwartaal 2:	Kwartaal 3:	Kwartaal 4:
3 take + 1 geskrewe toets (Taal in konteks)	2 take + 1 geskrewe toets (Letterkunde)	1 Letterkunde: Taak / projek + 1 taak	1 Interne jaareindeksamen bestaande uit 3 vraestelle: Vraestel 1 – Taal in konteks Vraestel 2 – Letterkunde Vraestel 3 – Skryf + Vraestel 4 – Mondeling

Kwartaalpunt (Kwartaal 1-3):

- Elke kwartaal word die totale van elke taak bymekaar getel en die totaal word na 'n % verwerk om die kwartaalpunt te bepaal.

Promosiepunt:

- Tel die totale van die take vanaf Kwartaal 1 tot 3 bymekaar, uitgesluit die mondelingpunte, en verwerk dit na 60% (SGA),
- Verwerk vraestel 1 na 9,3%
- Verwerk vraestel 2 na 10.7%
- Verwerk vraestel 3 na 13.3%
- Tel die totale van die mondelinge take wat gedurende die jaar gedoen is bymekaar en verwerk na 6,7% (vraestel 4: Taak: 1, 3, 6, 9)

Gewigswaarde: 60% (Skoolgebasseerde Assessering (SGA): Taak: 2, 4, 5, 7, 8): 40% (Jaareindeksamen: Vraestel 1-4: Taak 10)

Tabel 2: Assesseringsprogram Graad 10-11

Assesseringsprogram			
Kwartaal 1			
Taak 1	Taak 2	Taak 3	Taak 4
*Mondeling: (15 punte) Luisterbegrip	Skryf: (25 punte) Transaksionele teks: Vriendskaplike / formele briewe (versoek / klagte / aansoek / sakebrief) / formele of informele briewe aan die pers / curriculum vitae en dekbrief / huldeblyk / agenda en notule / formele of informele verslag / resensie / koerantberig / tydskrifartikel / toespraak / dialoog / onderhoud / e-pos	*Mondeling: (15 punte) Onvoorbereide toespraak	**Toets 1: (35 punte) Taal in konteks: Leesbegrip Opsomming Taalstrukture en -konvensies

Kwartaal 2		
Taak 5	Taak 6	Taak 7
Skryf: (50 punte) Verhalende/beskrywende/argumenterende opstel (Graad 10) Bespiegelende/beredeneerde/argumenterende opstel (Graad 11)	*Mondeling: (10 punte) Onvoorbereide hardoplees/ Voorbereide toespraak	Toets 2: Letterkunde: (35 punte) Poësie • 1 Gesiene gedig – literêre opstel (10) • 1 Ongesiene gedig – kontekstuele vrae (10) Roman / drama – kontekstuele vrae (15)

Kwartaal 3	
Taak 8	Taak 9
Letterkunde: (35 punte) Taak / projek	*Mondeling: (10 punte) Voorbereide toespraak

Kwartaal 4
Taak 10
Jaareindeksamen: (300 punte) Vraestel 1 – Taal in konteks (70 punte) – 2 uur Vraestel 2 – Letterkunde (80 punte) – 2,5 uur Vraestel 3 – Skryf (100 punte) – 3 uur Vraestel 4 – Mondeling (50 punte)

*Mondeling: Leerders behoort een luisterbegripsoefening (Taak 1), een onvoorbereide toespraak (Taak 3), een voorbereide toespraak (Taak 9) en 'n voorbereide toespraak OF onvoorbereide hardoplees (Taak 6) vir formele assessering gedurende die jaar te doen.

**Toets 1: Dit kan 35 punte tel. Indien dit meer tel, moet die punt na 35 punte verwerk word. Onderwysers word aangeraai om enige kombinasie van *leesbegrip, opsomming en taalstrukture en -konvensies* wat by die skool se konteks (toetsprogram en tydstoekenning) pas, te gebruik.

'n Toets in die Assesseringsprogram mag nie uit verskeie klein toetse bestaan nie. Elke toets moet oor meer as een aspek van die vakinhoud opgestel word en behoort 45 tot 60 minute te duur. Die kognitiewe vlakke soos vasgestel vir die eksamenvraestelle, is ook van toepassing op toetse.

4.3 Afrikaans Tweede Addisionele Taal

Nota: Verwys na Afdeling 4 van die KABV

4.4 Assesseringsprogram

Die assesseringsprogram is ontwikkel om formele assesseringstake in alle vakke in ’n skool oor ’n kwartaal te versprei.

4.4.1 Oorsig van vereistes

Die onderstaande tabelle gee ’n oorsig van die kwartaallikse assesseringsprogram vir Afrikaans Tweede Addisionele Taal:

Tabel 1: Oorsig van die vereistes vir die Assesseringsprogram Graad 10-11

<table>
<tr><th colspan="4">Assesseringsprogram</th></tr>
<tr><th colspan="3">Take per Kwartaal</th><th>Jaareindeksamen</th></tr>
<tr><th>Kwartaal 1:</th><th>Kwartaal 2:</th><th>Kwartaal 3:</th><th>Kwartaal 4:</th></tr>
<tr><td>1 Taak
+
1 Geskrewe Toets</td><td>2 Take
+
1 Halfjaareksamen bestaande uit 2 vraestelle:
Vraestel 1 – Taal in konteks
Vraestel 2 – Letterkunde</td><td>2 Take</td><td>Interne jaareindeksamen bestaande uit 3 vraestelle:
Vraestel 1 – Taal in konteks
Vraestel 2 – Letterkunde
Vraestel 3 – Skryf
+
Vraestel 4 – Mondeling</td></tr>
<tr><td colspan="4">Kwartaalpunt (Kwartaal 1 - 3):
• Elke kwartaal word die totale van elke taak bymekaar getel en die totaal word na ’n % verwerk om die kwartaalpunt te bepaal.
Promosiepunt:
• Tel die totale van die take vanaf Kwartaal 1 tot 3 bymekaar, uitgesluit die mondelingpunte, en verwerk dit na 25%
• Verwerk vraestel 1 na 20%
• Verwerk vraestel 2 na 10%
• Verwerk vraestel 3 na 20%
• Tel die totale van die mondelinge take wat gedurende die jaar gedoen is bymekaar en verwerk na 25% (vraestel 4).</td></tr>
</table>

Tabel 2: Assesseringsprogram Graad 10-11

Assesseringsprogram	
Formele assesseringstake vir Kwartaal 1	
Taak 1	**Taak 2**
***Mondeling: (25 punte)** Gesprekvoering	****Toets 1: (40 punte)** **Taal in konteks:** Leesbegrip Opsomming Taalstrukture en -konvensies

Formele assesseringstake vir Kwartaal 2		
Taak 3	**Taak 4**	**Taak 5**
***Mondeling: (25 punte)** Voorbereide toespraak	***Mondeling: (25 punte)** Voorbereide hardoplees	**Halfjaareksamen: (120 punte)** Vraestel 1 – Taal in konteks (80 punte) – 2 uur Vraestel 2: Letterkunde (40 punte) 1,5 uur

Formele assesseringstake vir Kwartaal 3	
Taak 6	**Taak 7**
Skryf: (40 punte) Opstel (verhalend / beskrywend)	***Mondeling: (25 punte)** Luisterbegrip

Formele assesseringstake vir Kwartaal 4
Taak 8
Jaareindeksamen: (300 punte) Vraestel 1 – Taal in konteks (80) (2uur) Vraestel 2 – Letterkunde (40 punte) (1,5 uur) Vraestel 3 – Skryf (80 punte) (2,5 uur) Vraestel 4 – *Mondeling (100 punte)
Bewyse vir informele assessering van **geskrewe aktiwiteite: opstelle, lang en kort transaksionele tekste** in elke kwartaal moet volgens die vereistes van die **Onderrigplanne** beskikbaar wees**.**

***Mondeling:** Die mondelingpunt word saamgestel uit punte vir praat, luister en lees. Die finale punt bestaan uit ten minste die volgende take: EEN voorbereide toespraak, EEN luisterbegrip, EEN voorbereide hardoplees en EEN gesprekvoering.

****Toets 1**: Kan **40 punte** tel. Indien dit meer tel, moet die **punt na 40 punte verwerk word**. Onderwysers word aangeraai om enige kombinasie van *leesbegrip, opsomming, taalstrukture en -konvensies* wat by die skool se konteks (toetsprogram en tydstoekenning) pas, te gebruik.

Let wel:

'n Toets in die assesseringsprogram mag nie uit verskeie klein toetse bestaan nie. Elke toets moet oor meer as een aspek van die vakinhoud opgestel word en behoort 45 - 60 minute te duur. Die kognitiewe vlakke soos vasgestel vir die eksamenvraestelle, is ook van toepassing op toetse.